

Organiseer jou huis sonder moeite

Voor jy jou oë uitvee, is alles wat jy gister reg- en weggepak het, weer deurmekaar. Waar kom al die goed vandaan? Jy bly nou wel saam met jou volbloedman en drie bedrywige kinders, maar jy is seker jou ma se huis was netjieser... Toemaar! Jy is nie die enigste vrou wat 'n regpakkrisis beleef nie. Gelukkig het Judith Penny van All Sorted praktiese wenke wat sal help om jou huis agtermekaar te hou.

Soms het jy iemand nodig wat objektief na jou huis kan kyk. Hoe sê hulle nou weer? 'n Nuwe besem vee skoon!

"My keel het toegetrek," onthou **Melanie van Wyk**, wat in Durbanville bly. "Die deurmekaarspul het my totaal oorweldig. Met drie kinders onder ses in die huis, was dit natuurlik nie snaaks nie. Glo my, ek het probeer. Elke nou en dan sou ek met oorgawe begin regpak, net om 'n uur of wat later deur die telefoon of 'n kind onderbreek te word. Dan het ek papnat gesweet alles net weer teruggegooi."

Melanie is 'n perfeksionis. Eintlik van die grafiek af perfeksionisties, het 'n persoonlikheidstoets gewys. "Voordat ek operasionele bestuurder by ons eie onderneming geword het, was ek nege jaar in die hotelbedryf. Organiseer is in my bloed, maar skynbaar nie in my eie huis nie." Toe haar jongste twee jaar oud was, het sy besluit genoeg is genoeg en Judith se hulp ingeroep.

"Natuurlik was ek skaam. 'n Mens voel nogal blootgestel as iemand anders jou kaste invaar. Maar die hele ervaring is eintlik baie gesond. Judith was ongeveer twee weke in my huis besig. Sy het elke vertrek uitgepak en alles wat bymekaar hoort, op hopies

gesit. Daarna het sy my help weggooi en vir elke oorblywende ding 'n sinvolle plek gekry. My hele huis is nou ge-label – kleinbordjies, grootborde, broeke, truië, medisyne! As ek nou iewers iets sien rondlê, weet ek presies waar om dit te bêre.

"Die kinders het ook al geleer dat vir elke nuwe ding wat inkom, 'n oue moet uitgaan. Sodra daar 'n nuwe speelding by die huis kom, hardloop hulle na die speelgoedboks toe om iets uit te gooi. Ons skenk dit dan. So leer hulle ook om te gee en te deel.

"Dit was nie net 'n regpak aan die buitekant nie, maar binne ook. Judith het so gelag oor my studente-jeans wat ek so getrou gebêre het vir 'eendag'. My arm het nie eers daarin gepas nie! Ek het dit laat gaan. So ook die Cabbage Patch-pop wat my ma kleintyd vir my gegee het, en ek het nie eers tóé daarvan gehou nie. Judith het gesê: 'Melanie, daar is nou iewers 'n kind wat daarmee sal speel. Hoekom lê dit in 'n boks?' Nou ja, ons het 'n foto geneem en die pop geskenk.

"Wees dapper, kry hulp. Ek beveel dit vir enigeen aan. My huis is nie altyd perfek nie, maar dis baie naby daaraan. As ek ooit weer moet trek, bel ek heel eerste vir Judith!" ►



Melanie pak elkeen se klerie in die regte mandjie.